Lucas Maree: *Weer ’n keer*

Ons spaar mekaar nie juis nie want ons ken mekaar te lank
Ons veg die met die vuis nie maar ons moor mekaar met klank
Die stille is jou wapen waarmee jy my ignoreer
en ek verkies die kletter van my woordeboekgeweer.

En weer 'n keer, en weer 'n keer
en weer en nog 'n keer –
Hoe lank gaan ons mekaar nog so aspris verrinneweer?
En weer ’n keer, en weer 'n keer
en weer en nog ’n keer –
vergeefs wag die ene dat die ander abdikeer.

Nie een van ons kan wen nie want ons ken mekaar te goed
en ons weet dit ook al lankal maar ons mors mekaar se bloed
maar steeds is dit die steeksheid van jou stilte wat my stuit
en stort ek nog meer woorde in jou dowe ore uit.

En weer 'n keer, en weer ’n keer
en weer en nog ’n keer –
Hoe lank gaan ons mekaar nog so aspris verrinneweer?
En weer 'n keer, en weer 'n keer
en weer en nog 'n keer –
vergeefs wag die ene dat die ander abdikeer.

En tog as jy vanaand weer in die kooi kom lepellê
vergeet ons dat ons somtyds nie dieselfde ding wil hê nie,
want dan is daar ’n stilte wat mateloos meer sê
as die woorde en die stomheid waarin ons twee soms belê.